

Romeine 9:1-18

Die genade van God se uitverkiesing gee vir ons die troos van die evangelie

Inleiding:

- Carpe Diem!
 - Gryp die dag!
 - Gee jou alles doen jou beste!
- Inspirerende woorde wat jou oproep om dinamies en aktief te wees.
 - Jy moet beheer vat.
- Vir soveel van die aspekte van ons daaglikse lewe is dit die reïne waarheid.
 - Al hierdie dinge is die waarheid, maar nie met jou saligheid nie.
 - Tog is dit 'n realiteit wat die wêreld nie altyd wil hoor nie.
- Wanneer dit by ons saligheid kom, roep die wêreld dikwels uit dat een slaag, almal slaag.
 - Een is gered en daarom is almal gered.
 - Johannes 3:16 wat die hartklop van die evangelie is en seker een van die bekendste teksgedeeltes word heeltemaal verdraai en verbuig om die agenda van die wêreld te dryf.
 - Die waarheid van God se uitverkiesing word verdraai om redding universeel te maak.
 - Die redding is vir almal, jy moet net self die keuse maak.
- Maar niks is verder van die waarheid af nie.
 - Jou beheer is nie die vertrekpunt nie.
 - Jou keuse dra nie by tot jou saligheid nie.
- Daarom word ons vanoggend verseker dat die genade van God se uitverkiesing ons juis herinner aan die troos van die evangelie.
 - Vanoggend vra ons die vraag vir mekaar af.
 - Wie red?
 - Wie glo?
 - Hoe antwoord ek en jy op die uitverkiesing?

Wie red?

- Wanneer enige iemand met die vraag gekonfronteer word – wie red – sal die antwoord in alle waarskynlikheid wees dat dit God is.
 - Hy is die een wat red.
 - Jesus Christus het aan die kruis gesterf en daarom is daar redding.
- Maar wie is die God wat red?
 - Ons leef in 'n era waar net sekere eienskappe van God raakgesien word.
 - God is liefde.
 - As ons net na hierdie eienskap kyk, maak dit logies sin dat almal gered word, want God wil nie hê dat iemand verlore gaan nie.
- En aan die een kant is dit waar.
 - God het die wêreld, elke mens, so liefgehad.
- Maar God is soveel meer as net liefde.
 - Hy is regverdig en Hy is genadig.
 - Maar saam met dit is God ook soewerein.
 - Soewerein beteken dat God die een is met al die mag om te regeer oor hemel en aarde.
 - God is daarom die een wat in sy volheid regeer.
- As die hoogste heerser is Hy dan ook die een wat bepaal wie gered word.
 - As elke mens gered word is daar geen sprake van God se genade, God se regverdigheid of God se heerskappy nie.
 - En as ons een van die eienskappe van God wegvat, is daar ook geen gronde om enige van sy ander eienskappe waar te maak nie.
 - As God dus nie genadig is nie, nie regverdig is nie, en nie soewerein is nie, dan is God ook nie liefde nie.
- Dan kan ons geen aanspraak maak op dit wat in Johannes 3:16 genoem word nie.
 - Dan is dit maar blote leuens wat daar verkondig word.
- Paulus skryf die brief aan die gemeente in Rome as antwoord op verskeie probleme wat in die gemeente na vore gekom het.
 - Die gemeente het bestaan uit Joodse christene en heidense christene.
 - En hoewel die gelowiges as gelyk geag is, is baie van die heidense christene minderwaardig geag.
 - Hulle was nie besny nie.
 - Hulle het nie die sabbat onderhou nie.
 - Hulle het nie onderskeid getref tussen rein en onrein kos nie.
- Die gevolg is dat daar 'n klasse verskil in die gemeente tot stand gekom het.
 - Die Jode was beter af want hulle was nasate van Abraham.
 - Hulle het dus geboortereg op redding gehad.

- Familie van Abraham is gelyk aan 'n gratis kaartjie reguit hemel toe.
- En dit is juis hierdie mentaliteit wat Paulus aanspreek veral in Romeine 9.
 - Jy het geen reg om aanspraak te maak op 'n bloedlyn nie.
 - In verse 6-8 maak Paulus dit aan die gemeente duidelik dat Isak en Ismael beide seuns van Abraham is, maar die beloftes van God kom Isak toe en nie vir Ismael nie.
 - Die kinders van Isak was Jakob en Esau, maar tog sê God vir Jakob het ek liefgehad maar vir Esau het ek gehaat.
 - Beide die seuns is uit die nageslag van Abraham gebore, maar dit gee hulle nie outomaties redding nie.
- Maar God maak dit duidelik dat kragtens sy belofte sal daar redding wees.
 - Esau het niks verkeerd gedoen om die belofte verloor nie.
 - Jakob het niks reggedoen om die belofte te ontvang nie.
 - Ismael het niks verkeerd gedoen om die belofte te verloor nie.
 - Isak het niks reg gedoen om die belofte te ontvang nie.
 - Maar God het in sy almag self die besluit gemaak wie moet die belofte ontvang.
- In Eksodus 33:19 maak God self aan Moses bekend – *“Ek sal barmhartig wees oor wie ek barmhartig wil wees, en Ek sal my ontferm oor wie ek my wil ontferm.”*
 - Dit beteken nie God is onregverdig of liefdeloos nie.
 - Dit bevestig juis God se almag om self die keuse te kon maak.
 - Geen keuse wat die mens maak het enige invloed op dit wat God doen nie.
- Frases soos *gee jou hart vir die Here, soek die Here, aanvaar God*, hoort dus nie in die taalgebruik van 'n gelowige nie.
 - Niks wat jy van jou kant af doen kan die keuse van die Here beïnvloed nie.
 - Hy het jou gekies voor die grondlegging van die wêreld.
- Maar wat dan van Johannes 3:16?
 - Het Jesus dan nie vir almal se sondes gesterf nie?
 - Nee.
 - *Sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.*

Wie glo?

- Wie is dan hulle wat glo?
 - Dit is die wonderlike nuus van die evangelie.

- God vernietig nie die hele mensdom nie.
 - Hy toon sy genade en heerskappy deur mense uit te kies.
 - Hy sonder mense vir Hom af.
 - Hy gee aan hulle die geloof.
 - Hand. 13:48 – *Almal wat vir die ewige lewe bestem was, het gelowig geword.*
- God sal nie die gawe van geloof aan enige iemand gee, as hulle nie uitverkies is nie.
 - As jy dus glo, kan jy ook glo dat jy uitverkies is deur God.
 - Dan is daar vir jou sondes betaal sodat jy nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.
- Voor die grondlegging van die wêreld het jou gekies vir die ewige lewe.
 - Deur sy genade kom jy ook tot geloof deur sy Gees wat kragtig in jou werk deur die verloop van jou lewe.
- Christus se werk aan die kruis het juis betaal vir hulle wat deur God gekies is.
 - As Christus vir almal gesterf het, en daar steeds mense is wat hel toe gaan, was Christus se werk nie genoeg nie.
 - Dus word almal gered of die wat God gekies het.
- As almal gered word, speel geloof nie meer 'n rol nie.
 - Dan is die werk van die Heilige Gees heeltemaal oorbodig.
 - Dan maak dit nie saak nie, want almal is tog in elk geval gered.
- Geliefdes die feit dat jy glo, die feit dat jy opreg glo dat jy gered is getuig van die wonderlike werk van God.
 - Hy ontferm Hom oor wie Hy wil.
 - Christus het vir jou sondes gesterf.
 - God het jou uitverkies.
 - Jou geloof getuig van die genade.
- As Christus vir almal se sondes gesterf het, was daar geen uitverkiesing nie, en beteken dit dat enige iemand van enige geloof gered is.
 - Moslem
 - Hindoe
 - Boedhis
 - Ateïs
 - Satanis
 - En weereens sal dit Christus tot leuenaar maak wanneer Hy self sê.
 - *Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur my nie.*
- Daar is geen ander pad na God toe nie.
 - Slegs deur sy genade.

- Slegs deur sy uitverkiesing
- Slegs deur Christus

Leef die vrug van die uitverkiesing

- Ander groepe kla ons aan dat hierdie leer van die uitverkiesing ons passief maak.
 - Dit is egter nie die geval nie.
 - Ons sit nie agter oor en wag vir die wederkoms want die werk is klaar gedoen nie.
 - Nee, juis as antwoord op die genade leef ons 'n dankbare lewe.
 - Ons verkondig die evangelie sodat die getal van die uitverkorenes sal vol word en Christus dan ook sal terugkeer om sy kudde weer te versamel.
- Ons weet nie wie uitverkies is nie.
 - Daarom het ons die opdrag om aan elkeen die evangelie te verkondig.
 - Hulle wat uitverkies is, sal tot geloof kom.
 - Niemand wat deur God gekies is, kan of sal verlore gaan nie.
 - Dit is die belofte van God se genade.
- As jy eenmaal deur God uitverkies is, kan jy dit nie verloor nie.
 - Jy kan nie die keuse maak om dit te verwerp nie.
 - Verkondig hierdie leer want dit is nie 'n bangmaak storie nie, maar 'n duidelike bewys van God se genade.

Slot:

- Voor die grondlegging van die aarde het God vir Hom sy kinders uitgekies.
 - Hulle sal glo.
 - Hulle is gered.
- As ons die uitverkiesing verwerp, dan maak ons die genade van Christus goedkoop.
- Maar dit is nie die geval nie.
 - Christus se genade is baie baie duur, maar aan elkeen wat deur God gekies is, gee Hy dit verniet.